## IN THE GRONDEISEHOF VAN SUID-AFRIKA

**RANDBURG** | **SAAKNOMMER:** LCC44R/99
In Kamers: **GILDENHUYS R** | **LANDDROSHOF SAAKNOMMER:** 271/98

In die hersiening van die saak tussen:

**HARDUS OTTO** Applikant

en

**PIET KOLOBE** Eerste Respondent

**BEN THIPE** Tweede Respondent

**SAMUEL MATLE** Derde Respondent

**ANDRIES THAMAGA** Vierde Respondent

**JOHANNES POEE** Vyfde Respondent

**PETRUS MOTSUMI** Sesde Respondent

---

**UITSPRAAK**

---

**GILDENHUYS R:**

[1] Die applikant in hierdie saak het aansoek gedoen in die Landdroshof van Coligny vir die uitsetting van ses respondente.

[2] Op 28 Junie 1999 is die volgende bevel deur W/AD/LDS L Windell teen die ses respondente verleen:

> "Aansoek toegestaan teen 1ste tot 6de respondent.
>
> 1) Resp. 1-6 met koste word geleentheid gebied om voor 10 Augustus 1999 die perseel Syferpan 78 te verlaat.
>
> 2) Hof gee magtiging vir die uitvoering van 'n uitsettingsbevel op 11 Augustus 1999 asook die uitvoering daarvan.

3) Geen behoorlike eedsverklaring voor hof nie. (resp).
Saak onderworpe aan outomatiese hersiening deur Grondeisehof.
Saak verwys na Grondeisehof."

'n Afskrif van die bevel is op 30 Junie 1999 aan die regsverteenwoordigers van die partye besorg.

[3] Die uitsettingsbevel is, luidens artikel 19(3) van die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg, nr 62 van 1997, onderhewig aan outomatiese hersiening deur hierdie Hof. Die oorkonde van die saak is onder dekking van 'n brief van die Klerk van die Hof: Coligny gedateer 23 Julie 1999 (amper vier weke na datum van die bevel) na die Griffier van hierdie Hof gestuur, waar dit op 10 Augustus 1999 ontvang is.

[4] Hierdie Hof het by herhaalde geleenthede landdroste versoek om die datums waarop 'n uitsettingsbevel in werking gestel word, so te bepaal dat daar voldoende tyd vir die hersieningsproses gelaat word. Met die datums in die landdros se bevel in die onderhewige geval kan geen fout gevind word nie. Die vertraging in die afsending van die oorkonde (wat nie verduidelik is nie), en die verdere vertraging van die poskantoor in die aflewering van die posstuk, het meegebring dat hierdie Hof nou onvoldoende tyd het om die hersiening behoorlik te oorweeg voor die datum waarop die uitsettingsbevel uitgevoer mag word.

[5] Geregtigheid vereis dat hierdie Hof die hersiening behoorlik oorweeg, en daarvoor is tyd nodig. Gevolglik gelas ek dat die bevel van 28 Junie 1999 verleen in die Landdroshof: Coligny opgeskort word hangende die hersiening daarvan deur hierdie Hof ingevolge die bepalings van artikel 19(3) van die Wet op die Uitbreiding van Sekerheid van Verblyfreg.

**REGTER A GILDENHUYS**

**11 Augustus 1999**